

Dit is hoe jy op die glybaan van verleiding kan vasstaan!

Petrus skrywe sy tweede brief aan Christene wat met mense te doen het wat vir hulle wil vertel dat daar op seksuele gebied nie iets soos grense is nie (vgl. hfst 2:13 en 14). Jy kan maar saamslaap waar en met wie jy wil. Dit laat ons ook regop sit, want daardie mense is nog steeds vandag met ons – skoolkinders en jongmense wat spog, selfone met boodskappe wat jou uitnooi en 'n naglewe wat soek en uitlok. En nou skryf Petrus: Dis hoe jy op die glybaan van verleiding kan vasstaan.

Petrus doen drie dinge. Hy vertel aan hulle hoe God in hulle lewe ingegryp en hulle verander het. Hy noem dit veral in vers 3 en 4. Met Goddelike krag het God jou verander. Hy het nie sommer terloops en liggies in jou gewerk nie. Nee, met heerlijkheid en mag het Hy jou geroep en in jou die kennis van God gegee. Hy het jou verder met wonderlike gawes toegerus en dit alles is uit genade aan jou geskenk. Die tweede wat Petrus doen, is om sy lesers te herinner aan die kosbare rykdom wat hulle in Jesus het. Hy verwys daarna as 'n kosbare geloof in vers 1 en as die kosbaarste en allergrootste gawes wat God gegee het om daarmee te leef en Hom te dien. En hierdie kosbare geskenk van God moet jy oppas en waardeer deur in die kennis en geloof verder te groei en jou daarin te oefen (vs 5-7). In die derde plek wys hy op drie gevolge as jy God se werk in jou sal waardeer en met groei styf sal vashou. Jou oë sal verder oopgaan en jy sal Jesus Christus nog beter leer ken (vs 8). Jy sal dus 'n sterker en dieper verhouding met God ervaar. Doen jy dit nie, sal jy met swak oë teen die sondes van die wêreld bly vaskyk. Jy sal geen diepte en visie hê nie. Die derde gevolg is dat as jy in die Here sal groei, sal jy heerlike geloofsvrede en sekerheid ervaar (vs 10, 11). Jy sal weet: Ek is 'n kind van God en hierdie rykdom, vrede en vrymoedigheid verruil ek vir geen vrye liefde in die wêreld nie.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)